Posbus 7113, Newtonpark, 6055
Telefoon (041) 3651233
h/v Willetstraat en 4de Laan, Newtonpark, 6045
E-pos: admin@lnpark.co.za /

'n Blink toekoms begin hier!

NUUSBRIEF 2

26 Januarie 2024

UIT DIE KANTOOR

Geagte Ouers

INLIGTINGSAAND 22 JANUARIE 2024
Baie dankie aan al die ouers wat die oueraand bygewoon het. Ons was werklik deur die goeie opkoms verras. Die inligting wat tydens die geleentheid bespreek is, sal per omsendskrywe aan al die ouers gestuur word. Dit is baie belangrik om die afskeurstrokie na die klasonderwyser/es terug te stuur. Indien daar enige vrae is, kan u gerus u kind se klasonderwyser kontak.

DANKIE
Baie dankie aan almal wat my elfde verjaarsdag by Laerskool Newtonpark so aangenaam gemaak het. Ek waardeer elke vriendelike boodskap en gelukwensing.

BENODIGDHEDELYSTE EN KALENDER 2024
Die benodigdhedelyste vir 2024 vir graad R tot 7 sowel as die kalender van 2024 is op die D6, geplaas. Let wel dat datums en tye van aktiwiteite onderhewig aan verandering is.

OP- EN AFLAAI VAN LEERLINGE
Ons ontvang talle klagtes van ouers en inwoners dat ons ouers nie die padreëls gehoorsaam nie. Ons verneem dat ouers dubbel parkeer, teen die verkeer parkeer, voor die inwoners se opritte parkeer, ens. Ons vra u om asseblief die padreëls te gehoorsaam. Ons maak staat op u samewerking.

HUISWERK
Ons wil tog vir u vra dat u hierdie jaar sommer van die begin af sal toesien dat die leerlinge gereeld hul huiswerk en ook sommer gereeld hersiening sal doen.

Elke kind het 'n ordentlike huiswerkboekie ontvang, en u moet asseblief gereeld uself vergewis of daar iets in staan.

Daar is geen verskoning vir leerlinge wat nie huiswerk doen nie. Boeke wat by die huis vergeet word, word beskou as huiswerk wat nie gedoen is nie.

Die skoolreëls verskyn voor in die huiswerkboek. Indien leerlinge nie hul kant bring wat dissipline betref nie, sal hulle die daaropvolgende Vrydag by die skool van 13:45 tot 15:45 detensie sit. Geen leerling sal hiervan verskoon word nie. Indien 'n leerling nie opdaag vir detensie nie, sal hy/sy outomaties nog 'n bykomende Vrydag se detensie ontvang. Indien 'n leerling sy/haar kommunikasiekaart laat wegraak, sal hy/sy ook detensie sit.

Onthou asseblief, die opvoeding van die kind is nie net ons taak nie, maar ons is vennote in dié aangeleentheid. Let asseblief daarop dat die leerlinge hulle boeke daagliks volgens hulle rooster (volgens die dag) kan inpak.

SPORTPRESTASIES BUITE DIE SKOOL
As leerlinge aan sport buite skoolverband deelneem, vra ons die ouers om asseblief die uitslae aan die skool te stuur om in die nuusbrief te plaas. Ons kondig dit ook tydens saal aan en as daar medaljes of bekers betrokke is, sal ons dit ook in die saal oorhandig. Ons wil ook daarvan 'n foto neem om op die skool se facebookblad te plaas. Ons is trots op alle prestasies van ons leerlinge.

KUNSKLUB
Ons is nog op soek na 'n juffrou vir die Kunsklub. Ons sal u as ouers laat weet sodra ons al die inligting het.

SNOEPIE-HULP
Die snoepie maak staat op ouerhulp. Persone beskikbaar kan Christa Slabbert by 076 6873 699 skakel.

SKOOLTASSE
Ons graad 1-leerlinge moet van die skool se voorgeskrewe tas gebruik maak. Ons het navrae in verband met die koop van nuwe skooltasse ontvang en wil bevestig dat **indien u vir u kind in graad 4 en hoër 'n nuwe skooltas in die toekoms wil aanskaf, maroen, swart en donkerblou die enigste kleur skooltasse is wat aanvaarbaar is. Die sportsakke mag slegs dié wees wat by die skool se klerewinkel aangeskaf kan word.**

BEHEERLIGGAAMVERKIESING: DONDERDAG, 7 MAART 2024
Ons huidige beheerliggaam se termyn kom in Maart tot 'n einde. Ons bring dit solank onder u aandag dat die verkiesing van die nuwe beheerliggaam op **Donderdag, 7 Maart 2024** gaan plaasvind. Teken solank die datum van die belangrike verkiesing in u dagboeke aan. Die amptelike kennisgewing sal vroeg volgende jaar op D6 geplaas word.

Volledige inligting rakende die verkiesingsprosedure sal u ook vroeg volgende jaar bereik!

LAERSKOOL NEWTONPARK FACEBOOKBLAD
Besoek gerus ons skool se amptelike facebookblad, @LaerskoolNewtonpark.co.za, die blad se profielfoto is die skoolwapen. Dis lekker om na foto's te kyk en met ons leerlinge te spog. Bly ook op hoogte met die nuutste gebeure.

SKOOLGELDE 2024
Die volgende wyses van betaling is beskikbaar: **maandelikse debietorder** oor 10 of 11 maande. (Januarie/Februarie – November en is opbetaalbaar voor/op 30 November 2024. 'n Debietorder kan slegs op 'n tjek-/spaar-/transmissierekening ingestel word.) U mag ook die **skoolgelde EFT**. Ons beskik ook oor **'n kaartmasjien** by die skool wat u kan gebruik.

Op die verwysing van die inbetaling moet u asseblief die rekeningnommer en u kind se van en naam verskaf, en u bewys van betaling aan fin@lnpark.co.za e-pos.

Alle graad R-gelde is maandeliks vooruitbetaalbaar en nasorggelde is kwartaalliks <u>streng vooruitbetaalbaar</u>. Geen verligting word ten opsigte van hierdie dienste toegestaan nie, aangesien hierdie aktiwiteite deel van die skool se vrywillige program is.

Die betaling van skoolgelde is ‘n wetlike verpligting (Staatskoerant no. 29311). Indien u in gebreke bly om u skoolgelde te betaal, sal dit wetlik afgedwing word.

KRY KORTING OP SKOOLGELDE
Indien skoolgelde (Graad R – 7) ten volle betaal word voor/op 28 Februarie 2024 sal ‘n 10% korting toegestaan word, en indien ten volle betaal word voor/op 31 Mei 2024 ‘n 5% korting.

ELEKTRONIESE BETALINGS
Op die verwysing van die inbetaling moet u asseblief die rekeningnommer en u kind se van en naam verskaf. U moet ook die bewys van betaling per e-pos aan <u>fin@lnpark.co.za</u> stuur.

REKENINGNAAM	**LAERSKOOL NEWTONPARK**
BANK	**ABSA**
REKENINGNOMMER	**1400490089**
TAKKODE	**632005**

GEDAGTE VIR DIE WEEK

Geniet die naweek saalm met jul kinders.

SKOOLHOOF
E-pos: skoolhoof@lnpark.co.za
Tel : 0846935318

ALGEMEEN

BELANGRIKE DATUMS VIR VOLGENDE WEEK:
Die volgende datums moet u asseblief op u kalender aanteken:

Ma – 29 Januarie	:	Klerewinkel **07:30 tot 12:00** **Akademiese Erebordfunksie**
Di – 30 Januarie	:	***Juf. Ischke Stassen verjaar** ***Mnr. Manie Johnson verjaar** Krieket: 0/9 A en B teen Lorraine **(w)** Finansiële komitee vergadering : **17:00**
Wo – 31 Januarie	:	Klerewinkel : **12:00 tot 14:30** Tennis teen Jeffreysbaai **(Meisies)** Krieket : 0/13A teen Grey C **(w)** Krieket : 0/13B teen Astra A **(t)** OOV Vergadering : **17:30 (skoolsaal)**
Do – 1 Februarie	:	Krieket : 0/11A teen Charlo A **(t)** Krieket : 0/11B teen Herbert Hurd B **(w)**
Vr – 2 Februarie	:	Klerewinkel **07:30 tot 12:00**
Sa – 3 Februarie	:	**Attie van Wykbyeenkoms : Hoërskool Framesby**

SPORT EN KULTUUR

OOS-KAAP KINDERKOOR 2024
Anzél van Dyk, Jenna Hayward en Ingrid Rossouw was suksesvol in hul oudisie vir die Oos-Kaapse Junior Kinderkoor en sal in 2024 deel wees van die koor. Baie geluk!

GIMNASTIEK
Luanré Venter in graad 3B het einde verlede jaar met hulle toekenningsaand van hulle gimnastiekklub by Gymstars die volgende toekenings ontvang:

- Best Improved male tumbling 2023
- Victor Ludorum Double-Mini 2023

Baie geluk met hierdie uitstaande prestasies, Luanré!

FRIENDLY CITY DANCE FESTIVAL 2023
Isabella Bester in graad 2B het einde verlede jaar aan die Friendly City Dance Festival deelgeneem en is as die “highest scoring novolist” vir haar solo dansitem “The Dancing Doll” aangewys. Baie geluk, Isabella!

KARATE

Drie van ons leerlinge het einde verlede jaar die volgende toekennings by die Titan Karate Klub se jaarlikse prysuitdeling ontvang:

Annique du Toit (graad 5 S) :

- Trofee vir “Good Technique in Kihon”
- Excelled in Discipline, Etiquette. Sy verwerf ook geelbelt 2 en oranjebelt 1

Jayden Gouws (Graad 5 S) :

- Trofee vir “Good Technique in Kata”
- Excelled in Discipline, Effort, Etiquette, Spirit. Hy verwerf ook groenbelt 1

Lacey van Rensburg (Graad 5S) :

- Trofee vir “Good Technique in Kata”
- Excelled in Discipline, Effort, Etiquette, Spirit. Sy verwerf ook groenbelt 1

Baie geluk, julle!

HOËRSKOOL FRAMESBY STRAATMYLE : 31 JANUARIE 2023

Op Woensdag, 31 Januarie bied Hoërskool Framesby weer hul “Framesby Straatmyle” aan waar Laerskole ook genooi word om deel te neem. Inskrywingsvorms kan by Juf. Tiani Chantler se klas afgehaal en weer saam met die inskrywingsfooi ingehandig word, indien u graag as span of individueel wil deelneem. Inskrywings sluit 29 Januarie.